# Wat ons sosiale norme met seksuele korrupsie in SA te doen het

**Sope Williams***

Op Internasionale Vrouedag (8 Maart) vier ons die vordering wat gemaak is met geslagsgelykheid, insluitende die klassifikasie van geslagsgebaseerde geweld en moord op vroue as ’n nasionale ramp in November 2025. Ons viering staan egter langs ongemaklike waarhede. Een van daardie waarhede is die volgende: Seksuele misbruik soos seksuele korrupsie duur voort nie net weens swak afdwinging of institusionele mislukking nie, maar omdat ons sosiale norme dit stilweg beskerm.

Seksuele korrupsie is ’n bedekte vorm van korrupsie wat plaasvind wanneer seksuele dade van vroue, mans en diegene wat nie tot tradisionele genderrolle konformeer nie, geëis word om ’n openbare (of private) diens of voordeel te verkry. Dit gebeur nie in ’n vakuum nie, maar word deur diepgewortelde sosiale norme oor geslag, mag en seksualiteit onderhou. As ons ware verandering wil hê, moet ons daardie norme uitdaag.

## Mag, manlikheid en beheer

In Suid-Afrika, soos in baie samelewings, bestaan daar steeds ’n kragtige norm dat mans geregtig is om te lei, te beheer en te domineer. Leierskapsposisies in politiek, besigheid, onderwys en godsdiens is steeds oorweldigend manlik. Wanneer mag in een groep gekonsentreer is, word misbruik makliker om te normaliseer. In manlik-gedomineerde ruimtes word seksuele korrupsie dikwels vermom as ’n “uitruiling” waar toegang tot indiensneming, bevordering of dienste gegee word in ruil vir seksuele instemming. Maar wanneer mans gesag het en vroue vir oorlewing op daardie gesag staatmaak, is dit nie ’n regverdige uitruiling nie.

Wat dit vererger, is die verwagting dat mans verskaffers moet wees. Die druk om finansiële verpligtinge na te kom, uitgebreide families te ondersteun en status te handhaaf, kan besluitneming verwring en omkopery en ander korrupte handelinge geregverdig laat lyk. Wanneer korrupsie beskou word as die nakoming van ’n mens se plig as ’n verskaffer, word die afdwinging van teenkorrupsiewette meer kompleks.

Manlikheid self word dikwels aan seksuele verowering gemeet. Van ’n jong ouderdom af word seuns geleer dat aggressie en dominansie manwees bewys. Wette wat seksuele uitbuiting kriminaliseer, kan vir sommige voel asof hulle manlike identiteit self bedreig. Dit is ’n diepgaande struikelblok tot vooruitgang.

## Kultuur van eerbied

Die Suid-Afrikaanse samelewing heg waarde aan respek vir ouer mense en gesag. Hoewel respek belangrik is, kan dit ook slagoffers stilmaak. Ouer mans en mans in posisies van gesag

soos skoolhoofde, godsdienstige leiers en regeringsamptenare word dikwels deur kulturele verwagtinge van respek beskerm.

Om hulle uit te daag word as oneerbiedig beskou en om hulle aan te meld as ’n vorm van verraad. In so ’n omgewing floreer misbruik soos seksuele korrupsie. Wanneer slagoffers aangesê word om “die ouer mense te respekteer” of om “nie die instelling in die verleentheid te stel nie”, word aanspreeklikheid byna onmoontlik.

**Dankbaarheid, stilte en transaksionele verhoudings**

Vroue word dikwels gesosialiseer om dankbaar, tegemoetkomend en ondersteunend te wees. Wanneer ’n magtige man ’n vrou “help” deur ’n werk aan te bied of toegang tot dienste te fasiliteer, kan daar van haar verwag word om dankbaarheid te toon. Om later uit te praat kan as ondankbaarheid gesien word, veral as sy op een of ander manier daarby baat gevind het. Dit maak oorlewendes stil en beskerm oortreders.

Geslagsgebonde ekonomiese ongelykheid vererger sake. Vroue is meer geneig om in armoede te leef, onbetaalde versorgingswerk te doen en van openbare dienste afhanklik te wees. In sulke omstandighede word transaksionele verhoudings genormaliseer. Seksuele korrupsie word afgemaak as “net hoe dinge werk”. Maar in die staatsdiens kan daar geen sulke regverdiging wees nie. Enige seksuele eis wat aan die toegang tot openbare goedere gekoppel is, is ’n misbruik van mag.

**Manlike seksuele aanspraak en slagoffer-beskuldiging**

Nog ’n gevaarlike norm is dat mans geregtig is op seks of die oortuiging dat mans seksuele toegang verskuldig is. Wanneer aanspraak genormaliseer word, word dwang geherformuleer as oorreding. Terselfdertyd word vroue wat seksuele uitbuiting aanmeld, dikwels geblameer. Hul kleredrag, ambisie of vermeende bereidwilligheid om betrokke te raak, word ondersoek. In plaas daarvan om te vra waarom ’n man sy gesag misbruik het, vra die samelewing waarom ’n vrou “haarself in daardie posisie geplaas het”. Hierdie omkering van verantwoordelikheid hou oortreders veilig en ontmoedig aanmelding.

Wat sake ook kompliseer, is die feit dat seks ’n taboe onderwerp in baie gemeenskappe bly. Vroue se seksualiteit word veral as skandelik en privaat beskou. Slagoffers van seksuele korrupsie vrees openbare vernedering meer as wat hulle die regstelsel vertrou. Die gevolg is ’n kultuur van stilte teen seksuele misbruik. Hierdie stilte beskerm instellings, beskerm misbruikers en ondermyn die oppergesag van die reg.

Suid-Afrika het wette teen korrupsie en seksuele misdrywe. Maar wetstoepassing kan nie van sosiale norme geskei word nie. Indien ons norme manlike dominansie bekragtig,

hipermanlikheid verheerlik, vroulike dankbaarheid eis, die uitdaag van gesag ontmoedig en slagoffers blameer, sal wetlike hervorming alleen nie seksuele korrupsie beëindig nie.

**Oproep tot verandering**

Ons het meer as vervolgings of wetlike hervorming nodig. Ons kort kulturele verandering.

Op Internasionale Vrouedag is dit nie genoeg om vroue se prestasies te vier nie. Ons moet die norme wat vroue kwesbaar maak, onder die vergrootglas plaas. Deur dit te doen, moet ons:

- Die idee uitdaag dat mag seksuele reg gee.
- Seuns leer dat manlikheid nie deur seksuele dominansie bewys word nie.
- Veilige, toeganklike rapporteringstelsels skep.
- Fluitjieblasers beskerm.
- Slagofferblamering in al sy vorme verwerp.
- Verseker dat ampte in staatsinstellings nooit ’n poort na private uitbuiting is nie.
- Die hoogste vlak van etiek en aanspreeklikheid vir staatsamptenare verseker.

Seksuele korrupsie is magsmisbruik en die norme wat dit onderhou, moet afgetakel word. As ons ’n samelewing wil hê wat op waardigheid en gelykheid gebou is, is dit dringend noodsaaklik om hierdie norme uit te daag.

**Sope Williams is ’n professor en toonaangewende kenner in openbare verkryging, teenkorrupsie en geslagskwessies in die Departement Handelsreg aan die Universiteit Stellenbosch.*